# DIE WET OP BANTOE-ONDERWYS, 1953.

## I.

Met wet no. 47 van 1953 word 'n nuwe en seker uiters belangrike fase in die Bantoe-onderwys in Suid-Afrika ingelui, tenminste wat die beheer en hopelik ook wat die inhoud daarvan betref.

Deur art. 85 van die Zuid-Afrika Wet, 1909 so te wysig dat die woorde „en naturellenonderwijs" na „hoger onderwijs" in par (iii) ingevoeg word, het die verantwoordelikheid vir die beheer en finansiering van Bantoe-onderwys van die provinsies op die Unieregering oorgegaan. Hierdie wysiging word uitgewerk in art. 2 (a) en (b) waarin bepaal word dat die beheer oor naturelle-onderwys voortaan by die Unieregering berus en dat die Uitvoerende Komitee van 'n provinsie en 'n Provinsiale Raad vooortaan geen bevoegdhede meer besit met betrekking tot naturelle-onderwys nie.

Maar afgesien van die oorplasing van Bantoe-onderwys na die Unieregering, behels art. 3 die tweede en waarskynlik nog belangriker bepaling dat die **Departement van Naturellesake** onder leiding en beheer van die Minister belas word met die aangeleentheid.

Van besondere belang is artt. 6, 7, 8 en 9. Uit gelde wat die Parlement daarvoor beskikbaar stel, mag die Minister enige skool wat deur 'n Bantoeowerheid, 'n naturelleraad, -stam of -gemeenskap ingestel is of instand gehou word en wat as 'n **Bantoegemeenskapskool** bekend sal staan, subsidieer. Voorts mag die Minister **Staatsbantoeskole** (met die nodige toebehoorsels soos koshuise, skoolklinieke ens.) oprig en instand hou en derdens mag hy, onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat gestel mag word, hulptoekennings maak aan wat bekend sal staan as **staatsondersteunde naturelleskole**, hetsy binne of buite naturellegebiede. Art. 8 noem uitdruklik die volgende oorweging wat deur die Minister in ag geneem moet word by die beslissing oor bystand al dan nie aan laasgenoemde skole, nl. of die instelling of bestaan van enige sodanige naturelleskool, die instelling van 'n Bantoe-gemeenskapskool of 'n Staatsbantoeskool in die betrokke gebied (waarskynlik) sal „uitsluit, vertraag of ondoenlik maak".

Die verdere uitoefening van staatsbeheer oor Bantoe-onderwys word moontlik gemaak deur die vereiste (art. 9) dat enige Bantoeskool, behalwe 'n Staatskool, geregistreer moet word en dat sodanige registrasie beslis sal word deur die bepalings van die „Naturellezaken Wet, 1920" t.w. of die instelling en voortbestaan van sodanige skool in belang van die Bantoebevolking sal wees of „waarskynlik nadelig sal wees vir die liggaamlike, verstandelike of sedelike welvaart" van die leerlinge daarin.

Wat die bestuur van staatskole betref (art. 12) word die beginsel erken van aktiewe deelname van die ouergemeenskap in die beheer en bestuur van skole en word die Minister gemagtig om, soos hy dienstig ag, streeks-, plaaslike en huishoudelike bestuursliggame in te stel of te erken.

## II.

Voordat die wet, eers in die lig van die naturellebeleid en daarna volgens die algemene opvoedkundige politiek, beoordeel word, is dit nodig om na te gaan in hoeverre dit aansluit by die aanbevelings van die Naturelle-onderwyskommissie (1949-51) en veral vir sover die aanbevelings

die beheer van Bantoe-onderwys raak. (Vgl. Deel III, bll. 135 e.v. van die verslag).

Die Kommissie beklemtoon in die verband drie aspekte:

(1) Die verslag gaan uit van die standpunt van die noodsaaklikheid van **Bantoe-onderwys** (par. 772) op grond van die feit dat die opvoedkundige praktyk daarmee rekening moet hou dat hy in die algemene pedagogiese proses van leiding van die bekende en vertroude dinge tot die onbekende, te doen het met 'n kind uit 'n ander lewens-, kultuur- en waardemilieu as in die geval van die blanke. Derhalwe bepleit die kommissie (par. 779) selfs „radikale maatreëls" om 'n „doeltreffende hervorming van ons Bantoe-skoolstelsel te bereik".

(2) Die Kommissie vind dit nodig dat, om die bestaande gebrek aan koördinasie en beplanning in die naturelle-onderwys uit te skakel, oorplasing van die beheer en administrasie na die Unie-departement van Onderwys „of selfs na 'n nuwe onafhanklike departement van Bantoe-onderwys" moet geskied, al sou dit nog nie die wortel van die kwaad raak nie tensy dat die nuwe beherende departement aan sekere voorwaarles voldoen (par. 804).

(3) Die aktiewe deelname van die Bantoe word vereis „nie alleen in die opvoedkundige masjinerie nie, maar ook in plaaslike regering en in die bestuur van skole sodat hierdie instellings tot hulle volle sosiale betekenis uitgebou kan word. Hierdie deelname is nodig om 'n nuwe houding teenoor opvoeding te skep". Dan word verder aanbeveel dat, om die aktiewe deelname van die Bantoe te verkry, plaaslike Bantoe-owerhede in die lewe geroep word (par. 789).

Uit die voorgaande sowel as uit die verdere aanbevelings oor die tipe skole, onderwysmedium, personeel ens. is dit duidelik genoeg dat die kommissie as uitgangspunt 'n stelsel van Bantoe-onderwys onderskeie van die onderwysstelsel vir blankes aanvaar het. Dit is ewe duidelik dat Wet no. 47 van 1953 aan hierdie aanbevelings uitdrukking probeer gee. Wat veral die aandag verg is dat Bantoe-onderwys in ooreenstemming met die verslag, na die Unieregering oorgedra word maar dan nie na die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap nie. Dat die Departement van Naturellesake die aangeleentheid oorgeneem het, is m.i. slegs 'n konsekwente deurvoering van die beginsel van Bantoe-onderwys as apart en onderskeie van die onderwys vir blankes en ander bevolkingsgroepe.

Hierdie beleidsvaslegging in wetgewing is weliswaar juis die groot struikelblok vir 'n aansienlike aantal nie-blankes en vir integrasioniste. Dit bied sekerlik ook sy praktiese probleme, altans vir die onmiddellike tydstip, maar dit is ten minste 'n logiese stap in 'n konsekwente beleid van afsonderlike volksontwikkeling.

Dit blyk in elk geval dat die drie desiderata van die kommissie, soos hierbo genoem, in die wet uitdrukking gevind het.

III.

Die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 kan aangeteken word as 'n voorbeeld van positiewe apartheidswetgewing. Dit skep die moontlikheid om te kom tot 'n werklike aparte Bantoe-onderwysstelsel met eie vorm, inhoud en karakter. Daarmee is die nasionale beginsel in die onderwys wetlik bevestig. Ten opsigte van naturelle-onderwys is in beginsel nou bereik wat die voorstanders van C.N.O. besig is om reeds in praktyk om te sit, nl. die uitbouing van nasionale skole. (Per slot van sake gaan dit om veel meer as moedertaal-onderwys: die erkenning van die moedertaal as onderwysmedium is slegs een deel van die begeerde **nasionale** onderwys). Interessant genoeg vind dié onderwyspolitiek in verband met die Bantoe vanuit sy eie geledere en gerugsteun deur die Engelse pers, dieselfde teenkanting as wat die beweging vir Afrikaanse skole ervaar het. Maar juis daarom behoort die Afrikaner 'n hoë waardering vir die wet en die beleid waaraan dit uitvoering wil gee, te hê. Dit is die enigste wyse om langs 'n weg van gesonde ontwikkeling die Bantoe se nasionale identiteit te behou en sy nasionale en kulturele selfrespek te herwin en te versterk. Maar terselfdertyd sal die blanke en veral weer die Afrikaanssprekende die implikasies van die nasionale opvoeding en ontwikkeling van die Bantoe moet aanvaar.

Moeiliker word die taak wanneer ons die wet wil waardeer met die klem op die **Christelike** in die C.N.O.-beginsel. Prof. Bavinck het reeds in die Oktobernommer van **Koers** ernstige bedenkinge uitgespreek oor die opdrag van die Eiselenkommissie. Wat selfs vir C.N.O.-voorstanders nog 'n onbesliste vraag is, nl. of die bestaande (Afrikaanse) Staatskole gechristianiseer moet word en of ons moet terugval op vrye, Staatsondersteunde Christelike skole, dit word die dilemma van die Bantoe-onderwys.

Soos aangetoon maak die wet voorsiening vir drie soorte skole: Bantoegemeenskapskole (art. 6); staatskole (art. 7) en ondersteunde skole

(art. 8). Dit is nie duidelik of hierdie volgorde ook 'n meriete- of voorkeurorde veronderstel nie. . Verblydend is die erkenning wat die „ouerskoie" in die wet verkry, of dit nou al voorkeur bo die staatskole geniet al dan nie; minder verblydend miskien dat skole wat nie deur die Bantoegemeenskap of deur die Staat beheer word nie van sekondêre belang is. Hieronder val o.a. alle sendingskole. Hulle oprigting en voortbestaan is afhanklik van die vraag in hoeverre hulle die geestelike, liggaamlike en sedelike welvaart van die gemeenskap bevorder of in gevaar stel en in hoeverre hulle bestaan die ontstaan en voortbestaan van gemeenskap- en staatskole sal strem. Van die eerste vereiste het sendingskole van die Afrikaanse kerke ten minste niks te dug nie, maar die tweede vereiste is nie so onskuldig nie.

'n Mens begryp maar al te goed die probleem waarvoor die regering hier te staan gekom het. Dit is nie onbekend hoe in demokratiese Suid-Afrika met vryheid van godsdiens en 'n heterogene bevolking ten opsigte van kultuur, beskawing en ontwikkeling, onder 'n valse vlag van „Christendom" en „godsdiens" dikwels kontrabande vervoer word tot ondermyning van Staatsveiligheid en samelewingsorde nie. Enigiemand wat bekend is met die toestande en opreg begaan is oor die goeie verhoudings tussen die twee groot bevolkingsdele moet erken dat die Staat iewers 'n veiligheidsgrens moet stel.

Die Eiselenkommissie het besondere aandag gewy aan die kwessie van „kerklike liggame" en naturelle-onderwys (vgl. parr. 106-118). Die sending is die historiese wortel waarop Bantoe-onderwys in Suid-Afrika gegroei het. Maar dit was ook nie sonder problematiese gevolge nie. „Die sendelinge", word beweer, „het min simpatie met stamgebruike gehad". Maar veral het die „denominasionale wedywer" en die neiging tot groter versplintering „diepgaande nawerkinge gehad en tot twiste en skeuringe in stamgebiede aanleiding gegee". In par. 118 beweer die kommissie:

> „Hierdie parallel tussen die ontwikkeling van die separatistiese kerke en die begeerte van die Bantoe vir meer seggenskap in godsdienstige sake, het 'n beweging vir staatsbeheer van skole laat ontstaan. Hierdie beweging is aangemoedig deur 'n aantal ander faktore. In die eerste plek het die beleid van sekere provinsiale administrasies die oortuiging by die Bantoe laat ontstaan dat 'n Staatskool bo gesubsidieerde sendingskole bevoorreg word wat fondse en toerusting betref. 'n Tweede magtige faktor wat die Bantoe ten gunste van die Staatsbeheer van skole stem, is die feit dat haas alle blanke skole Staatskole is".

In par. 790 stel die kommissie dan sy sienswyse ten opsigte van „die verhouding tussen die plaaslike Bantoe-owerhede en die kerklike liggame":

„U Kommissie is van mening dat alle pogings aangewend moet word om die hoogste mate van samewerking tussen godsdienstige, opvoedkundige en burgerlike outoriteite te bewerkstellig .. . . Die feit dat in die baanbreker-stadium die kerklike liggame as plaaslike bestuurders van skole opgetree het, kan nie toegelaat word om te verhinder dat plaaslike administratiewe liggame daargestel word om in die toekoms onderwys . . . . . onder hulle beheer te neem nie. . . . . . . Daarom is u Kommissie van mening dat, hoewel die kerklike liggame verteenwoordig mag wees in die plaaslike beheer van skole, al die sendingskole in die gebiede wat onder beheer van die plaaslike Bantoe-owerhede geplaas word, geleidelik oorhandig moet word aan die betrokke plaaslike owerhede . . . "

Met ander woorde, die ontwikkeling moet gaan in die rigting van meer staats- en staatsondersteunde ouerskole (met die klem op die **nasionale** ouergemeenskap eerder as op die **Christelike**) en minder kerkskole. Nou is dit wel in breë ooreenstemming met die C.N.O.-beleid van Christelike **ouer**beheerde skole i.p.v. **kerk**skole, maar die vraag is of die Bantoe hiervoor reeds ryp is. In elk geval lê hierin 'n uiters belangrike uitdaging vir die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis opgesluit. Die weg tot Christelike onderwys vir die Bantoe is nie geheel-en-al afgesny nie.

Al skyn die kommissie enigsins te haastig te wees met sy aanbevelings (per slot van sake is dit aanbevelings ten opsigte van langtermyn beleid en nie vir onmiddellike deurvoering nie) is hy nie onsimpatiek of antipatiek teenoor sending en Christelike onderwys nie soos blyk uit sy verslag sowel as uit die wet. Hoewel die wet in artt. 8 en 9 by implikasie ook kerk- en sendingskole **voorwaardelik** (as 'n noodwendige veiligheidsmaatreël) toelaat, sny hy die weg daartoe nie af nie en maak art. 15(j) voorsiening vir regulasies met betrekking tot „godsdienstige onderrig in staatsbantoeskole". Dit klink selfs baie belowend en aanprysenswaardig as dit beskou word in die lig van die aanbevelings in par. 927, maar as ons in par. 926 (ii) lees dat die leerstellige stof beperk moet bly „tot die algemene Christelike waarhede soos van al die eeue deur die kerke bely, met die Apostoliese Geloofsbelydenis as uitgangspunt", kan dit nie tot volkome rus kom in die gemoed nie. Per slot van sake kom die verslag en die wet alleen tot „godsdiensonderrig", al is dit dan ook verpligtend, al sal die leerplan in oorleg met die kerke opgestel word, al moet dit op

gelyke voet met alle ander vakke behandel word: 'n Christelike onderwysstelsel wat die ganse skoolatmosfeer deuradem, is dit nie en kan dit nooit wees in staatskole nie.

Hierdie bedenkinge word nie uitgespreek in 'n gees van kwaadwillige kritiek teen die wetgewer nie. 'n Mens is maar al te bewus van die ontsaglike probleme wat op die weg van die Bantoe-onderwys lê. Wie wet laat genoeg plek daarvoor om met wyse insig, 'n realistiese benadering, geduld en verstandige administrasie, veel goeds tot stand te bring. En mag die bedenkinge bowe-al die gereformeerde kerke stimuleer tot kragdadige aksie op die gebied van die Christelike opvoeding en onderwys van die Bantoe as 'n taak ten nouste verbonde met sy sendingsroeping.

J. H. COETZEE.

Potchefstroom, Januarie 1954.